

SOUTH AFRICA / JUDGMENT

Jevon v Swartz (20634/05) [2006] ZAGPHC 171 (21 April 2006)

[2006] ZAGPHC 171

COURT

High Courts - Gauteng

BEFORE

R C Prinsloo

CASE / FILE NUMBER

20634/05

Source: saflii.org · Research copy typeset by Esheria. Not court-issued or certified.

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA /ES

(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

SAAK NO: 20634/05

DATUM: 21/4/2006

nie rapporteerbaar

IN DIE SAAK TUSSEN:

WARREN MELVILLE JEVON EISER

(ID No: 480916 5053 000)

EN

ELIZABETH SWARTZ VERWEERDERES

(Gebore Jacobs, voorheen Jevon)

(ID No: 650303 0089 087)

UITSpraak

PRINSLOO, R

- [1] Die eiser en die verweerderes was voorheen met mekaar getroud. Hulle is op 22 April 1994 buite gemeenskap van goedere getroud. Geen kinders is uit hulle huwelik gebore nie, maar beide het kinders uit vorige huwelike.

[2] In September 1996 het die eiser die verweerderes vir 'n egskeiding gedagvaar. Hy het aangevoer dat die huwelik onherstelbaar verbrokkel het, en die redes hiervoor is soos volg in sy dagvaarding geformuleer:

"6.1 Daar is geen kommunikasie tussen die partye nie.

6.2 Daar is konstante botsings en rusies die eiser en die verweerderes en die onderskeie kinders gebore uit hul vorige huwelike (sic).

6.3 Die vrede en liefde in die huishouding het verdwyn en is daar geen meer liefde in 'n gesinsverband nie.

6.4 Die eiser het sy liefde, agting en respek vir die verweerderes verloor en stel nie meer belang in die voortsetting van die huwelik nie."

[3] Op 1 November 1996 het hierdie hof die genoemde huwelik ontbind en 'n skikkingsooreenkoms wat die partye aangegaan het, 'n bevel van die hof gemaak. Die eerste paragraaf van die skikkingsooreenkoms (nou 'n bevel van hierdie hof) lees soos volg:

"1. Die partye kom ooreen dat onderhoud in die bedrag van R1 000,00 per maand betaalbaar sal wees aan die verweerderes."

[4] In die verhoor voor my was dit gemene saak dat die partye destyds ooreengekom het dat hierdie onderhoud betaalbaar sal wees tot met die afsterwe van die verweerderes. Hierdie feit is ook bekragtig in die voorverhoornotule.

[5] Dit is gemene saak dat die eiser nooit enige onderhoud aan die verweerderes betaal het nie.

[6] Dit is ook gemene saak dat die partye, na die egskeiding in November 1996, nog vir 'n jaar saam gewoon het tot ongeveer November

1997 toe hulle finaal uitmekaar is.

[7] Dit is verder gemene saak dat die verweerderes nooit die onderhoudsbevel teen die eiser afgedwing het voor ongeveer Desember

2004 nie. Hierdie stappe deur die eiseres om die onderhoudsbevel af te dwing, asook betaling van agterstallige onderhoud in terme van die onderhoudsbevel, het gepaardgegaan met die uitreik van 'n lasbrief asook die instel van vervolging van staatsweë teen die eiser weens sy versuim om die onderhoudsbevel na te kom.

[8] Dit is hierdie drastiese verwikkelinge wat die eiser genoep het om die aksie in te stel wat voor my gedien het. Die strafsak is ook uitgestel hangende die afhandeling van hierdie siviele geding.

[9] In paragraaf 5 van sy besonderhede van vordering maak die eiser die volgende bewerings:

"5.1 Gedurende of ongeveer November 1997 en te Pretoria het eiser en verweerderes, beide handelende in persoon, 'n mondelinge

ooreenkoms aangegaan ingevolge waarvan die verweerderes uitdruklik afstand gedoen het van die reg tot betaling van onderhoud aan haar deur eiser.

5.2 Alternatiewelik het verweerderes stilswyend en bewustelik afstand gedoen van die reg tot vordering van onderhoud deur haar vanaf eiser, deurdat sy vir 'n tydperk van meer as 8 jaar geen aanspraak gemaak het op die betaling van onderhoud nie en ook geen poging aangewend het om so 'n reg af te dwing nie."

[10] Op grond van hierdie bewerings vra die eiser die volgende regshulp:

1. 'n Verklarende bevel dat eiser geen onderhoud aan die verweerderes verskuldig is nie.
2. 'n Bevel ter skraping/opheffing van hierdie steeds bestaande onderhoudsbevel.
3. Koste van geding.

[11] In haar pleit ontken die verweerderes die bestaan van die beweerde mondelinge ooreenkoms, en sy ontken ook die beweerde afstanddoening.

[12] Wat die afstanddoening betref, maak die verweerderes ook 'n aantal bewerings in paragraaf 11 van haar pleit wat ek gerieflik

vind om aan te haal:

"Without in any way derogating from the generality of the foregoing, the defendant pleads as follows:

11.1 On 30 September 1996 and at Pretoria, the plaintiff and the defendant concluded a written deed of settlement in terms of which

the plaintiff inter alia undertook to pay maintenance to the defendant in the sum of R1 000,00 per month ('the agreement').

11.2 The following were express, alternatively implied, further alternatively tacit terms of the agreement:

11.2.1 The first maintenance payment in the sum of R1 000,00 would be made by the plaintiff to the defendant, without deduction on or before the first month after the granting of the decree of divorce and monthly thereafter on or before the end of every succeeding month.

11.2.2 The plaintiff would remain liable for the payment of maintenance to the defendant until her death and/or remarriage, whichever event first occurs.

11.3 Pursuant to the conclusion of the agreement and on 1 November 1996, His Lordship Mr Justice Le Roux:

11.3.1 dissolved the marriage relationship between the parties by granting a decree of divorce and made the agreement an order of court.

11.4 Further pursuant to the divorce, the parties continued to live together until during or about December 1997 and the plaintiff

contributed towards the maintenance of the defendant during the aforesaid period.

11.5 In addition to the foregoing and during the subsistence of the marriage relationship between the parties and after the dissolution

of the marriage relationship on 1 November 1996:

11.5.1 the plaintiff threatened to kill the defendant on a number of occasions;

11.5.2 the plaintiff acted aggressively towards the defendant and seriously assaulted the defendant on a number of occasions due to his overly possessive and jealous nature.

11.5.3 In consequence of the plaintiff's threats and aggression referred to in paragraph 11.5 above, the defendant developed a deep rooted fear of the plaintiff and the defendant suffered from depression.

11.5.4 The defendant formed a relationship with another man during or about December 1997.

11.5.5 Having regard to the circumstances referred to in paragraphs 11.5.1 to 11.5.4, the defendant did not want to enforce the court order unless it became necessary to do so.

11.6 In the premises, the defendant, at all relevant times hereto, had the intention of enforcing the court order and the defendant

enforced her rights in terms of the court order when it became necessary to do so.

11.7 Accordingly, the defendant specifically denies that she waived any of her rights to claim maintenance in terms of the court order as alleged and/or at all.

11.8 The defendant furthermore pleads that the plaintiff failed to make payment of maintenance in terms of the agreement and court order as he was obliged to do."

[13] In die verhoor voor my, wat oor drie dae gestrek het, het me Ferreira vir die eiser verskyn en mnr Nigrini vir die

verweerderes.

[14] Die eiser het self getuig en geen getuies geroep nie.

Die verweerderes het getuig en ook haar dogter uit 'n vorige huwelik geroep om namens haar te getuig gevolg deur haar broer en, laastens, die man met wie sy die verhouding teen die einde van 1997 aangeknoop het nadat die partye uiteindelik uitmekaar is. Dit was mnr Van der Merwe. Die verhouding wat die verweerderes met hom gehad het, het geduur tot ongeveer 0ktober 2004, 'n maand of wat voordat die verweerderes begin het met haar pogings om die onderhoudsbevel af te dwing.

- [15] 'n Groot deel van die getuienis is gewy aan die bewerings wat die verweerderes in paragraaf 11 van haar pleit gemaak het. Dit slaan natuurlik op die vraag of daar 'n afstanddoening was of nie.
- [16] Uit die aard van die saak was daar ook getuienis ten opsigte van die beweerde mondelingse ooreenoms, wat die eerste been van die eiser se saak moet ondersteun. Die tweede, of alternatiewe, been is natuurlik die beweerde afstanddoening.
- [17] Toe ek die getuies geïdentifiseer het, het ek nagelaat om te meld dat die eiser se getuienis voorafgegaan is deur die getuienis van ene Ellen Martin Scheun, 'n privaat speurder wat destyds die egskeidingsgeding tussen mnr Van der Merwe, die verweerderes se latere vriend, en sy voormalige eggenote ondersoek het. Die getuie se broer het eintlik aan die saak gewerk en later het die getuie ook betrokke geraak. Myns insiens was mnr Scheun se getuienis, vir alle praktiese doeleindes, irrelevant en het dit niks bygedra tot die beregting van die geskil tussen die eiser en die verweerderes nie. Hy het ook op kort kennisgewing kom getuig en het geen notas beskikbaar gehad om sy geheue te verfris nie. Die enigste deel van sy getuienis wat later 'n mate van kommentaar ontlok het is die bewering dat die verweerderes en mnr Van der Merwe reeds in 1996 'n verhouding aangeknoop het terwyl die verweerderes (en mnr Van der Merwe) getuig het dat die verhouding eers in Desember 1997 op 'n vriendskaplike basis begin het en in 'n intieme verhouding ontwikkel het teen die middel van 1998.
- [18] Die eiser het getuig dat hy 'n makelaar van beroep is. Na sy egskeiding met die verweerderes is hy weer getroud in 1998. Uit sy eerste huwelik is drie kinders gebore en hy het sy huidige vrou se seun uit 'n vorige huwelik ook aangeneem. Die eerste huwelik het ook in 'n egskeiding geëindig.

In kruisondervraging het dit geblyk dat die eiser se huwelik met die verweerderes sy derde was, sodat hy tans besig is met sy vierde huwelik. Daar was twee kinders uit sy eerste huwelik gebore en een kind uit sy tweede huwelik. Die aangenome kind kom dan uit die vierde huwelik.

- [19] Volgens die eiser het hy die verweerderes ontmoet toe hulle saam by 'n versekeringsmaatskappy gewerk het. Na 'n verhouding van ongeveer een jaar is hulle getroud. Hulle het hulle wittebrood op die Comores eilande deurgebring.
- [20] In sy hoofgetuienis het die eiser die bewerings wat die verweerderes in paragraaf 11 van haar pleit maak, grootliks ontken. Hy het egter erken dat hy wel op 'n stadium na 'n argument die verweerderes se handsak agter haar aangegooi het.

Hy het ook ontken dat hy bewus was daarvan dat die verweerderes op 'n stadium aan depressie gely het. Hy weet ook nie van medikasie wat sy daarvoor moes neem nie. Toe hy van die verweerderes geskei is, was hy nie bewus daarvan dat sy moontlik 'n verhouding met 'n ander persoon gehad het nie. Die prokureur wat die egskeiding hanteer het was ook die eiser se prokureur en die verweerderes het maar by die reëlings ingeval.

[21] Na die egskeiding was hy nog lief vir die verweerderes. Hierdie getuienis is natuurlik in skrilte kontras met wat hy in sy

besonderhede van vordering vir die egskeidingshof gesê het. Hy het bevestig dat die idee was dat hy die onderhoud sou betaal totdat die verweerderes te sterwe kom. Volgens hom het hy geen probleem gehad om haar op hierdie basis te onderhou nie.

Die tegniese vraag oor wat sou gebeur indien die verweerderes sou hertrou, is nooit voor my geopper of gedebatteer nie.

[22] Na die egskeiding in November 1996 het die eiser en die verweerderes nog vir 'n jaar saam gewoon. Een van die redes was dat

die huurhuis waarin hulle was onderworpe was aan 'n langtermyn huurkontrak wat eers oor 'n jaar sou verstryk. 'n Ander rede

was dat die verweerderes nie 'n ander heenkome gehad het nie. Volgens die eiser was daar toe 'n mate van versoening tussen die

partye, maar hierdie pogings tot versoening het nie uitgewerk nie en het telkens skipbreuk gely. Hulle is toe aan die einde van 1997 finaal uitmekaar toe die huurkontrak ook verstryk het. Die eiser het toe blyplek in Waterkloofrif gekry en die verweerderes het 'n woonstel betrek.

[23] Volgens die eiser het die partye hierna hulle adresse oor en weer aan mekaar bekend gemaak en ook hulle onderskeie wonings aan mekaar ten toon gestel. Hierdie getuienis het die verweerderes ontken.

Getuienis oor die beweerde mondelinge ooreenkoms

[24] Volgens die eiser het hy toe een aand aan die einde van 1997, nadat die partye hulle aparte wonings betrek het, by die verweerderes

se woonstel aangekom en haar onder in die parkeerarea saam met mnr Van der Merwe ("Van der Merwe") in laasgenoemde se motor aangetref. Hulle het albei voor in die motor gesit en die verweerderes het "omgekeerd" op die paneelbord ("dashboard") gesit. Die eiser het geweet dat Van der Merwe op daardie stadium vir 'n geruime tyd reeds die verweerderes se werkgewer was. Daar was geen getuienis tot die effek dat die verweerderes en Van der Merwe hulle aan onbehoorlike gedrag skuldig gemaak het nie. Toe die eiser opdaag toe klim die verweerderes uit en Van der Merwe ry weg.

[25] Die eiser sê dat hy baie ontsteld was oor wat hy gesien het want hy het op daardie stadium nog baie vir die verweerderes

omgegee. Hierdie getuienis vind ek uiters vreemd in die lig van wat die eiser vir die egskedingshof gesê het en ook vanweë sy getuienis dat die pogings tot versoening in die jaar na die egskeding en voordat hulle finaal uitmekaar is onsuksesvol was.

[26] Volgens die eiser het die verweerderes hom toe ingenooi en ook vir hom kos gemaak. Hy wou nie eet nie en het vir haar gesê hy is ongemaklik met wat gebeur het. Volgens hom het hy vir die verweerderes gesê dat as hy geweet het dat sy so kort na hulle verhouding met 'n ander verhouding sou begin hy nooit vir haar onderhoud sou "toegestaan het" nie. Die verweerderes

se reaksie, aldus die eiser, was dat sy uitdruklik gesê het dat die eiser nie bekommerd hoef te wees oor die onderhoud nie en dat sy dit nooit sou eis nie.

Hierop het die eiser, volgens hom, vir die verweerderes gesê dat hy dit nie net so kan laat nie en dat dit by die hof "verander"

sal moet word. Sy het blykbaar gesê dat dit nie nodig is nie en dat sy dit nie sou eis nie. Volgens die eiser het die verweerderes toe ook haar trouing heeltemal vrywilliglik teruggegee en aangedui dat hulle nou finaal uitmekaar is en dat sy met haar lewe wil aangaan. Volgens die eiser was hy maar hartseer oor hierdie mededeling want hy was nog "lief vir haar".

[27] Die eiser het ook gesê dat die verweerderes gebieg het dat haar verhouding met Van der Merwe reeds voor die egskeding

begin het. Hierdie getuienis het die verweerderes ten sterkste ontken toe sy getuig het. Dieselfde geld Van der Merwe.

[28] Op 'n vraag, gedurende sy hoofgetuienis, waarom hy nie die hofbevel op daardie stadium laat wysig het nie het die eiser gesê

dat hy nie finansieel daartoe in staat was nie. Hy het uitdruklik gesê dat hy 'n saak sou gemaak het as hy dit kon

bekostig. Oor hierdie getuienis is die eiser ook gekruisvra. Daar is aan hom gestel dat, op sy eie getuienis, hy finansieel redelik

gemaklik daaraan toe was en elke jaar byvoorbeeld by die see kon gaan vakansie hou. 'n Wysiging van hierdie aard sou onbestrede wees (omdat daar kwansuis 'n ooreenkoms was) en sou waarskynlik nie veel kos nie. Ek was nie beïndruk met die eiser se pogings om hierdie vrae te probeer hanteer nie. Sy versuim om van regsweë die onderhoudsbevel te laat wysig skeep myns insiens minstens ruimte vir 'n moontlike afleiding dat daar glad nie so 'n ooreenkoms was nie.

[29] Die eiser se versuim om enige stappe te doen om die onderhoudsbevel te laat wysig, nie net op daardie stadium nie maar op

enige tydstip daarna, is myns insiens relevant by beoordeling van die vraag of die eiser daarin geslaag het om die bewyslas te kwyd dat daar hoegenaamd so 'n ooreenkoms bestaan.

[30] Dit is ook doenlik om op hierdie stadium oorweging te skenk aan die verweerderes se getuienis oor hierdie beweerde ooreenkoms.

Sy ontken dit ten sterkste. Sy ontken dat sy hoegenaamd die eiser ingenooi het vir ete en sê dat hy ongenooi daar opgedaag het. Sy erken dat sy saam met Van der Merwe in die kar gesit het maar ontken dat daar enigiets vreemds aan haar bewegings was. Volgens haar is dit onmoontlik om op die paneelbord van hierdie voertuig, 'n BMW sedan, te sit. Sy was bloot besig om uit te klim nadat sy haar bene eerste uit die voertuig geswaai het vir daardie doel toe die eiser opdaag. Hierdie getuienis is deur Van der Merwe beaam.

[31] Die verweerderes ontken dat Van der Merwe voor die eiser daar weg is. Sy sê dat daar sorg gedra is dat Van der

Merwe agter bly om seker te maak dat sy veilig is. Die eiser het voor Van der Merwe gery. Van der Merwe beaam hierdie

getuienis.

[32] Die verweerderes ontken die beweerde ooreenkoms en ontken ook dat sy die trouing teruggegee het. Sy sê die eiser het by 'n ander geleentheid in die middernagtlike ure ongenooi by haar woonstel opgedaag en die trouing en ander juweliersware met dwang vir homself opgeëis en verwyder.

[33] Dit is gerieflik om op hierdie stadium te meld dat die verweerderes deurgaans, en by herhaling, gesê het dat sy nooit

afstand gedoen het van haar onderhoudseis nie, hetsy by wyse van 'n ooreenkoms of deur haar optrede. Sy het deurgaans volgehou dat sy staatgemaak het op die hofbevel in haar guns en dat sy dit as 'n soort van 'n "versekeringspolis" beskou het wat sy te enige tyd kon afdwing. Hierdie houding blyk ook uit haar bewerings in paragraaf 11 van die pleit.

[34] Wat die vraag betref of die eiser daarin geslaag het om die bestaan van die beweerde ooreenkoms te bewys, vind ek dit ook

insiggewend dat die eiser aanvanklik gepleit het dat die beweerde ooreenkoms in November 1996 aangegaan is. Later het hy die dagvaarding gewysig en beweer dat die datum van die ooreenkoms November 1997 was. In die verhoor kon hy nooit daarin slaag om 'n spesifieke datum aan die beweerde ooreenkoms te koppel nie. Die beste wat hy kon doen was om te beweer dat dit êrens tussen die einde van 1997 en Januarie of Februarie 1998 was, wat die beweerde ooreenkoms gesluit is.

[35] Myns insiens word die eiser se pogings om die bestaan van die beweerde ooreenkoms te bewys nog verder vertroebel en onder

verdenking geplaas vanweë sekere bewerings wat hy onder eed in 'n eedsverklaring aan die landdros van Roodepoort gemaak het toe hy die strafsak teen hom, waarna ek reeds verwys het, die hoof gebied het en die geleerde landdros probeer oortuig het van die beweerde afstanddoening deur die verweerderes van die onderhoud en reëlings getref het om die strafsak op te skort hangende die afhandeling van hierdie siviele verrigtinge waarin die verklarende bevel aangevra word.

[36] Hierdie eedsverklaring het die eiser op 23 September 2005 gemaak en ek vind dit doenlik om 'n paar paragrawe daarvan aan te haal:

"7. Gedurende November 1996, kort na die finalisering van hierdie egskeiding, het dit vir die eerste maal tot my kennis gekom dat die respondent reeds vir 'n geruime tyd tydens die bestaan van ons voormelde huwelik, 'n buite-egtelike verhouding aangeknoop en volhou het met 'n sekere mnr Pieter van der Merwe (hierna genoem 'die derde party') op daardie stadium die besturende direkteur van PNA, vir wie die respondent gewerk het as persoonlike assistent/sekretaresse.

...

10. Noodloos om te sê was ek verontwaardig ten gevolge waarvan ek van voorneme was om onmiddellik weer die hooggeregshof van Suid-Afrika (Transvaalse Provinsiale Afdeling) te nader ten einde die skikkingsooreenkoms tussen myself en respondent reg te stel, aangesien ek onder geen omstandighede onderhoud aan respondent sou betaal in omstandighede waarin ons huwelik verbrokkel het as gevolg van 'n buite-egtelike verhouding, welke na toestaan van die finale egskeidingsbevel blyk die werklike rede vir voormelde verbrokkeling te wees nie.
11. Ek het gekrenk gevoel en tot so 'n mate verontwaardig oor hierdie toedrag van sake dat ek sonder meer koerante toe wou hardloop met die storie. ...
33. Ek submitteer met respek dat ek geregtig is op die opheffing (met terugwerkende krag) van hierdie onderhoudsbevel uit hoofde van die volgende redes:

33.1 'n Pertinente ooreenkoms in hierdie verband tussen myself en respondent gedurende November 1996. Uit hoofde van hierdie ooreenkoms het ek inderdaad gehandel en opgetree soos wat ek gedoen het tot op hede terwyl die respondent inderdaad ook gehandel het ooreenkomstig hierdie ooreenkoms alternatiewelik ten minste vir 'n periode van meer as agt jaar daarna. Uiteraard aanvaar en antisipeer ek dat respondent noodwendig nou hierdie ooreenkoms sal ontken ten gevolge waarvan ek verder steun op paragraaf 33.2 hieronder welke verdermeer ook van toepassing is.

33.2 Afgesien van voormelde pertinente ooreenkoms in hierdie verband tussen myself en respondent, het respondent in geen onduidelike terme verder ook van enige regte wat sy in hierdie verband kon gehad het (welke ontken word), afstand gedoen, ..."

(Ek onderstreep.)

[37] In hierdie eedsverklaring het die eiser ook by herhaling onder eed gesê dat die beweerde ooreenkoms reeds in November

1996 aangegaan is. In kruisondervraging is dit aan hom gestel dat dit vir hom nodig was om 'n ooreenkoms wat onmiddellik na die egskeiding aangegaan is te fabriseer ten einde die geleerde landdros onder die indruk te bring dat daar geen onderhoud hoegenaamd

betalbaar was nie (byvoorbeeld tussen November 1996 en November

1997) ten einde die strafsak opgeskort te kry.

Ek meen daar is veel te sê vir hierdie argument soos dit deur die verweerderes voorgedra is, maar wat in elk geval soos 'n paal bo water staan is dat die eiser homself by verskeie geleenthede weerspreek het wat betref die beweerde datum van die ooreenkoms.

Myns insiens is dit 'n wesenlike weerspreking om by herhaling in sy pleitstukke en onder eed te sê dat die ooreenkoms in 1996 aangegaan is en hierdie datum dan goedsmoeds met 'n jaar te verleng na November 1997. Om alles te kroon kon hy in sy getuienis glad nie 'n spesifieke datum aan die ooreenkoms koppel nie, soos ek reeds gesê het.

[38] Daarbenewens ontken die verweerderes, die enigste ander moontlike getuie tot die verrigtinge, die bestaan van die ooreenkoms

met heftigheid en oortuiging. Daarby hou sy vol dat die eiser glad nie in haar woonstel toegelaat is na die ontmoeting in die

parkeerarea nie en dat die eiser voor Van der Merwe die perseel verlaat het. Hierdie getuienis word volmondig deur Van der

Merwe gestaaf.

[39] Behalwe vir die feit dat ek glad nie beïndruk was met die eiser se getuienis nie, en benewens die feit dat hy homself by herhaling en in 'n wesenlike opsig weerspreek het wat betref die datum van die beweerde ooreenkoms, is ek ook gedagtig daaraan dat ek hier te doen het met twee weergawes wat direk teenstrydig teenoor mekaar staan. Die bewyslas is natuurlik op die eiser.

Oor hierdie onderwerp word die volgende gesê in *National Employers' General Insurance Co Ltd v Jagers* 1984 4 SA 437 (OK) op 440D G:

"It seems to me, with respect, that in any civil case, as in any criminal case, the onus can ordinarily only be discharged by adducing credible evidence to support the case of the party on whom the onus rests. In a civil case the onus is obviously not as heavy as it is in a criminal case, but nevertheless where the onus rests on the plaintiff as in the present case, and there are two mutually destructive stories, he can only succeed if he satisfies the court on a preponderance of probabilities that his version is true and accurate and therefore acceptable, and that the other version advanced by the defendant is therefore false or mistaken and falls to be rejected. In deciding whether that evidence is true or not the court will weigh up and test the plaintiff's

allegations against the general probabilities. The estimate of the credibility of a witness will therefore be inextricably bound up with a consideration of the probabilities of the case and, if the balance of probabilities favours the plaintiff, then the court will accept his version as being probably true. If, however, the probabilities are evenly balanced in the sense that they do not favour the plaintiff's case anymore than they do the defendant's, the plaintiff can only succeed if the court nevertheless believes him and is satisfied that his evidence is true and that the defendant's version is false."

Myns insiens is hierdie 'n weerspieëling van die huidige regsposisie.

[40] Wat die algemene waarskynlikhede betref, het ons howe by herhaling bevind, soos ek aanstons sal illustreer, dat dit as inherent onwaarskynlik beskou word dat 'n persoon sonder meer van sy of haar regte (soos 'n onderhoudsbevel) sal afstand doen. In hierdie

opsig kan daar dus nie gesê word dat die algemene waarskynlikhede ten gunste van die eiser is nie. Daarbenewens vind ek die verweerderes en Van der Merwe se getuienis dat die eiser glad nie die woonstel betree het nie en voor Van der Merwe die perseel verlaat het meer waarskynlik as die eiser se weergawe dat hy, ten spyte van die konfrontasie, ingenooi is vir ete en sonder slag of stoot beloon is met hierdie ooreenkoms van afstanddoening en somer nog die trouing ook in die hand gestop is.

[41] 'n Verdere oorweging, wat betref die algemene waarskynlikhede, is die feit dat beide die verweerderes en Van der Merwe die bestaan van hulle verhouding reeds in 1996 heftig ontken en beide voer aan dat die intieme verhouding eers teen die middel van 1998 'n werklikheid geword het. Dit is natuurlik hierdie beweerde 1996 verhouding wat die eiser probeer koppel aan die motivering aan die kant van die verweerderes om afstand te doen van haar onderhoud kort na die egskeiding in November 1996. In elk geval bly daar weinig oor van hierdie "motivering" vir die aangaan van die ooreenkoms in 1996, waar die eiser self die datum met 'n jaar aanskuif na November 1997 en dan in die hof nie eintlik 'n werklike datum aan die ooreenkoms kan koppel nie.

[42] Vir al hierdie redes bevind ek dat die eiser nie daarin geslaag het om die bestaan van die beweerde mondelinge ooreenkoms te bewys nie.

Die alternatiewe argument van beweerde afstanddoening deur gedrag

[43] Ek het reeds breedvoerig verwys, deur middel van 'n aanhaling, na die bewerings wat die verweerderes in haar pleit maak, en meer in besonder in paragraaf 11 daarvan. Hierdie bewerings is onder andere daarop gemik om haar versuim om die onderhoudsbevel van meet af af te dwing te verduidelik. Dit sluit die feit in dat die partye vir 'n jaar na die egskeiding nog saam gewoon het (toe die eiser in elk geval grootliks tot die onderhoud bygedra het) en die lang verhouding van ses of sewe jaar met Van der Merwe wat daarop gevolg het, en waartydens die verweerderes sonder die onderhoud kon klaarkom en ook nie die begeerte of die moed gehad het om dit af te dwing nie vanweë die eiser se dreigemente en die depressie waaraan sy gely het.

[44] Ek meen dit is korrek om te sê dat die verweerderes die bewerings wat sy in haar pleit maak ook in die getuiebank in wese bevestig het. Ek het haar getuienis meer indrukwekkend gevind as dié van die eiser. Soos ek kortliks sal aantoon is haar getuienis ook in wesenlike opsigte gestaaf deur haar dogter, haar broer en Van der Merwe.

[45] Al die beweerde aanrandings, wangedrag en dreigemente waarop die verweerderes steun is in die loop van intensiewe kruisondervraging

aan die eiser gestel. Soos ek reeds gesê het meen ek dat sy pogings om hierdie bewerings die hoof te bied onoortuigend was.

In die algemeen het ek hom beskou as 'n ontwykende en onindrukwekkende getuie.

[46] Ek is nie van voorneme om die beweerde wangedrag van die eiser, soos dit in die getuienis voorgedra is, in fyn besonderhede te ontleed nie. Ek sal net kortliks verwys na sekere bewerings wat gemaak is, en wat ek myns insiens geen rede het om te verwerp nie.

[47] Volgens die verweerderes was die eiser vir die eerste keer aggressief teenoor haar toe hy haar tydens die wittebrood aangerand

het en 'n glas water teen die muur stukkend gegooi het. Hy was ontsteld omdat sy gaan sjokolade koop het terwyl hy 'n middagslapie

geniet het. Sy is met die plathand geslaan en sy was bang en het in spanning verkeer.

[48] Volgens die verweerderes het die eiser telkens na 'n aanranding om verskoning gevra en beloop om dit nie weer te doen nie, maar telkens versuim om sy woord gestand te doen.

[49] Na die wittebrood het die verweerderes dit nodig gevind om 'n psigiater in Pierre van Ryneveld te besoek om advies te vra en hy het haar ook met depressie gediagnoseer en Prozac voorgeskryf. Die psigiater het in 'n motorongeluk omgekom en kon dus nie getuig nie.

[50] Die verweerderes voer aan dat die eiser geweldig aggressief was en haar ook daarvan beskuldig het dat sy 'n slet en 'n hoer is. Sy was baie bang vir hom. Hy was humeurig en sy gedrag was onvoorspelbaar. Hy het haar fisies aangerand en onder andere haar gesig naby 'n verhitte verwarmers gehou en gedreig om haar te skend. Hy het ook haar hand naby 'n verhitte stoofplaat gehou en gedreig om haar te brand. Hy het haar klere van haar lyf afgeruk en haar soms gedwing om seks te hê.

[51] Soos ek reeds gesê het, het die verweerderes by herhaling gesê dat sy die hofbevel van R1 000,00 per maand as 'n bate beskou het wat tot haar beskikking was en wat sy enige tyd kon afdwing. Sy het ten sterkste ontken dat daar enige sprake van 'n afstanddoening was.

- [52] Terwyl sy en die eiser saam gewoon het moes sy dikwels inderhaas die huis verlaat en byvoorbeeld by haar broer intrek omdat die eiser haar met die dood gedreig het. Telkens het hy haar gesmeek om terug te kom en hom te vergewe en onderneem om nie weer so op te tree nie.
- [53] Die verweerderes het ook getuig van 'n voorval toe die eiser 'n gat in sy eie dogter se kamerdeur geskop het. Dit het die eiser erken in kruisondervraging.
- [54] Die verweerderes het getuig van 'n geleentheid toe die eiser 'n ander motoris van die pad afgetrek het en hom aangerand het en geslaan het tot die bloed loop. Dit het die eiser ook erken, behalwe dat hy op onoortuigende wyse probeer het om die skuld op die ander motoris te pak.
- [55] Die eiser was jaloers en besitlik en wou die verweerderes nie toelaat om met ander mans by funksies te praat nie. Toe sy by mnr Van der Merwe begin werk in Mei 1995 het die eiser telkens ongevraagd by die kantoor opgedaag en die reëls geïgnoreer deur ongenooi by haar kantoor in te stap en haar valslik van allerhande oortredings te beskuldig. Hy het dikwels gesê dat as hy haar uitvang met ander mans hy haar sou doodmaak. Myns insiens strook hierdie getuienis met die eiser se gedrag toe hy die verweerderes later en na die egskeiding gekonfronteer het omdat sy saam met Van der Merwe in die kar gesit het.
- [56] Ek het reeds verwys na die verweerderes se getuienis oor die beweerde kontrak wat sy sê nooit gesluit is nie en die konfrontasie tussen die eiser en Van der Merwe in die parkeerarea.
- [57] Volgens die verweerderes het die eiser haar ook in die middel van die nag en ongenooi in Januarie 1998 besoek en gedreig om haar deur af te skop as sy nie oopmaak nie. Haar dogter het in 'n ander kamer geslaap en sy het noodgedwonge oopgemaak. Hierop het die eiser haar juweelkassie se inhoud op die mat uitgegooi en die trouing en ander waardevolle juweliersware geneem.
- [58] Daar was 'n verdere besoek in die tweede helfte van Januarie 1998 toe die eiser ongenooi teen ongeveer 19:00 of 20:00 by haar woonstel opgedaag het terwyl haar broer, mnr Jacobs, en Van der Merwe haar besoek het. Die eiser was aggressief en die broer en Van der Merwe moes hom na buite neem om hom te kalmte. Sy is meegedeel dat die eiser vir Van der Merwe probeer afpers het deur aan te dring op 'n betaling van R1 miljoen ten einde die verweerderes uit te los. Hierdie hoorsê getuienis is deur beide die broer, Jacobs, en Van der Merwe in hulle getuienis bevestig.

[59] Daar was ook 'n geleentheid toe die verweerderes en haar dogter in die nag in hulle slaapklore moes vlug en by die "Road Lodge" moes tuisgaan nadat die eiser gedreig het om hulle dood te maak. Nadat hulle in November 1997 uitmekaar is was die verweerderes verplig om haar selfoonnommer te verander.

[60] Nadat die partye elk hulle eie woning betrek het aan die einde van 1997 het die eiser ongenooit en in die verweerderes se

afwesigheid haar woonstel besoek en haar bergfiets gesteel. Dit was 'n geskenk van die eiser aan haar tydens die huwelik. Die eiser het gesê dat dit sy fiets was wat hy net teruggeneem het.

[61] Nadat haar verhouding met Van der Merwe in Oktober 2004 tot 'n einde gekom het, het sy sterk genoeg gevoel om stappe te doen om die onderhoudsbevel af te dwing en het sy ook 'n behoefte daaraan gehad. Dit is waarom sy regsadvies ingewin het en die stappe begin doen het waarna ek reeds verwys het.

[62] Die verweerderes is aan intensiewe kruisondervraging onderwerp. Ek het glad nie die indruk gekry dat sy ooit afgewyk het van haar weergawe of ongeloofwaardig voorgekom het nie.

[63] Samantha Cherise Swartz is die verweerderes se 22 jarige dogter wat ook getuig het. Sy het my beïndruk as 'n geloofwaardige getuie. Volgens haar was die eiser baie aggressief terwyl sy en haar moeder saam met hom gewoon het en het die eiser haar moeder "verskriklik baie geslaan". Sy het "verskriklik baie" gehoor hoe hulle baklei en twee tot drie keer per week gesien hoe haar moeder huil. Sy het by geleentheid gesien hoe die eiser 'n lang rok van haar moeder afskeur. Sy was ook teenwoordig toe die eiser die ander motoris langs die pad gestop en hom ernstig aangerand het. Sy weet ook daarvan dat haar moeder Prozac as medikasie moes gebruik. Sy het dikwels merke en blou kolle op haar moeder gesien.

[64] Daniel Jacobs, die verweerderes se broer, het my beïndruk as 'n eerlike en indrukwekkende getuie. Hy het bevestig dat die verweerderes en haar dogter by geleentheid by sy huis in Garsfontein moes intrek om van die eiser weg te kom en dat sy baie gehuil het. Een keer het hy die blou kolle op haar bolyf en arms gesien en toe het sy gebieg oor die aanrandings. Hy het haar aangeraai om na die polisie toe te gaan en ook vir haar huisvesting aangebied. Sy wou nie polisie toe gaan nie want sy was bang vir die reaksie wat dit van die eiser sou ontlok. Hy het ook die voorval by die verweerderes se woonstel bevestig toe die eiser ongenooit daar opgedaag het terwyl die getuie en Van der Merwe ook daar was. Die eiser was aggressief en hulle moes hom kalmeer. Hy het bevestig dat die eiser Van der Merwe met R1 miljoen wou afdreig.

[65] Pieter Willem van der Merwe het die getuienis van die verweerderes in wesenlike opsigte bevestig. Ek het reeds na sy

getuienis verwys waar dit betrekking het op die voorval in die parkeerarea. Ek het ook reeds gesê dat hy die afdreiging

met R1 miljoen en die res van die voorval in die woonstel bevestig het. Hy sê ook dat hy reeds sedert 1995 toe die verweerderes by hom begin werk het dikwels blou kolle aan haar gesien het en besef het dat sy aangerand word.

[66] Beide Jacobs en Van der Merwe het my as geloofwaardige getuies beïndruk.

[67] Dit lê op die eiser se weg om my op 'n oorwig van waarskynlikhede te oortuig dat die verweerderes deur haar gedrag afstand gedoen het van haar regte in terme van die onderhoudsbevel.

[68] In 'n baie volledige voordrag het me Ferreira my daarop gewys dat 'n party tot 'n egskeidingsgeding wel afstand kan doen van die regte wat hy of sy bekom het deur die betrokke hofbevel. Sy het my onder andere verwys na die saak van Wright v Wright 1978 3 SA 47 (OK). Me Ferreira het ook, tereg, betoog dat afstanddoening nie noodwendig teen die openbare beleid of contra bonos mores is nie. In hierdie verband het sy my verwys na die saak van Girdwood v Girdwood 1995 4 SA 698 (K) en me Ferreira het ook swaar gesteun op die saak van Road Accident Fund v Mothupi 2000 4 SA 38 (A) toe sy my toegesprek het oor die toets, wat objektief is, om te bepaal of afstanddoening plaasgevind het al dan nie.

[69] In Borstlap v Spangenberg en Andere 1974 3 SA 695 (A) op 704F H sê die geleerde waarnemende appèlregter die volgende:

"Dit is herhaaldelik deur ons howe beklemtoon dat duidelike bewys van 'n beweerde afstanddoening van regte geverg word, veral

waar op 'n stilswyende afstanddoening staatgemaak word. Dit moet duidelik blyk dat die betrokke persoon opgetree het met behoorlike

kennis van sy regte en dat sy optrede teenstrydig is met die voortbestaan van sodanige regte of met die bedoeling om hulle af te

dwing. Soos INNES, HR die vereiste in Lows v Rutherford 1924 AD 261 op 263 gestel het-

"The onus is strictly on the appellant. He must show that the respondent, with full knowledge of her right, decided to abandon it, whether expressly or by conduct plainly inconsistent with an intention to enforce it. Waiver is a question of fact, depending on the circumstances. It is always difficult, and in this case specially difficult to establish."

[70] In Kannemeyer v Gloriosa 1953 1 SA 580 (W) word die volgende gesê op 585H:

"I think the passages mean that in deciding on the balance of probabilities whether the waiver alleged has been proved the court must take into account the unlikelihood, the strong improbability, that a man will lightly waive a right conferred upon him by law."

[71] Met verwysing na die bewyslas in sake van afstanddoening sê die geleerde skrywer Schmidt Bewysreg 4de uitgawe op p81 onder andere die volgende:

"Die standaard bly dieselfde, maar daar word aanvaar dat die oorwig in sulke gevalle gewoonlik moeiliker bewerkstellig word as in die normale geval. Daar kan blykbaar een van twee redes hiervoor wees: dat dit wat bewys moet word óf werklik seker moet wees voordat regsgevolge daaraan gekoppel word ... óf teen die normale gang van sake is, sodat die weegskaal van meet af aan reeds aan die ander kant gelaai is (soos in die geval wanneer 'n reëlmatige dokument betwis word, of wanneer afstanddoening van 'n reg of immorele optrede in geskil is)."

[72] Myns insiens het die verweerderes deurgaans volgehou dat sy nooit enige bedoeling gehad het om van haar regte kragtens die

onderhoudsbevel afstand te doen nie. Haar versuim om vir 'n lang tyd die bevel af te dwing het sy na my mening deeglik verduidelik in paragraaf 11 van haar pleit en ook in haar getuienis wat deur ander getuies gestaaf is.

[73] Daarteenoor het die eiser my glad nie beïndruk nie en het hy na my mening glad nie daarin geslaag om hierdie moeilike bewyslas, wat ek probeer illustreer het aan die hand van die tersaaklike gewysdes, te kwyd nie.

[74] Na my mening het die eiser dus nie daarin geslaag om te bewys dat die verweerderes, deur haar gedrag of andersins, afstand gedoen het van haar regte in terme van die onderhoudsbevel nie.

[75] Gevolglik kan die eis vir die gevraagde regshulp nie slaag nie.

[76] Ek maak dus die volgende bevel:

Die eis word van die hand gewys met koste.

W R C PRINSLOO

REGTER VAN DIE HOOGGEREGSHOF

20634-2005

GEHOOR OP: 2, 3 EN 7 MAART 2006

VIR DIE EISER: ADV R FERREIRA

IN OPDRAG VAN: DE WET DU PLESSIS INGELYF

VIR DIE VERWEERDERES: ADV D W K NIGRINI

IN OPDRAG VAN: SCHWARZ-NORTH INGELYF, p/a DEON VILJOEN PROKUREURS

Source & reproduction note

Judgment wording, source notices and original paragraph numbers are retained. Esheria supplies the layout and this PDF's page numbers; these are not the source pagination. This is a research copy, not an official or certified court document. Check quotations, citations and publication restrictions against the original source before relying on it.

ORIGINAL SOURCE <https://www.saflii.org/za/cases/ZAGPHC/2006/171.html>

CASE PAGE <https://chat.esheria.ai/case-law/south-africa/jevon-v-swartz-unknown-topic-agphc-2006>

Prepared on 11 October 2026 · Esheria